# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (21/09)

*Justin Chadwick (29 Mei 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

**VIER DIE SUKSES: Wie sê die Bulls kan nie hardloop rugby speel nie – sterkte vir die FINAL!!!**

***GESEGDE VAN DIE DAG:"*** *I wish there were a knob on the **TV** to turn up intelligence. There's a knob called "brightness", but that doesn't work" Anon*

**AGRI TV:** Om te onthou – sitrus gaan weer Maandag en Dinsdag volgende week op Agriculture Today, SABC 2 @05h20 wees.

**FITOSANITêRE CHECKS**

Fitosanitêre maatreëls is besig om die tariewe maatreëls as die belangrikste struikelblokke in die uitvoer van vars produkte te vervang, 'n land se vermoë om aan die vereistes van die teikenmarkte in die veld te voldoen sal bepaal of dit 'n voorkeur verskaffer gaan bly of nie. Die suider-Afrikaanse sitrusbedryf is in die bevoorregte posisie dat dit beskik oor van die wêreld se beste sitrus entomoloë en patoloë, oor 'n produsente sektor wat die sake verstaan en op die bedreigings kan reageer, uitvoeragente wat op hoogte bly met die internasionale verpligtinge en 'n Nasionale Plantbeskermingsorganisasie (NPBO) (die Departement van Landbou) wat wêreldwyd gerespekteer word vir die verantwoordelike wyse waarop hul, hul NPBO verpligtinge uitvoer. As 'n bedryf moet ons voordurend toets om te sien of ons vereistes en regulasies voldoende is, en of wat ons doen genoeg is om vertroue in ons fito-sekuriteit te behou.

'n Onlangse communiqué van die DoA is belangrik om van kennis te neem – in wese kan enige besending wat afgekeur is weens 'n fitosanitêre rede nie na 'n ander mark gestuur word waar daardie plaag of siekte ook van belang is nie.

Produsente, uitvoeragente en ander rolspelers word aangemoedig om hulself op hoogte te kry met die nuutste fito "checks and balances"; indien onseker, kontak asseblief die CGA, FPEF of DoA.

**CITRUS MARKETING FORUM (CMF)**

Die volgende CMF vergadering is vir **18 Junie 2009 by Willow Park konferensiesentrum om 10:00** geskeduleer**.** Willow Park is 'n klipgooi vanaf die lughawe en indien vooraf gereël, is daar pendelbussies beskikbaar. Daar is baie uitdagings wat opgeduik het soos ons met die 2009 seisoen voortgaan. Soos besluit aan die begin van die jaar is dit belangrik dat die sitrus aandeelhouers hierdie tyd bymekaar moet kom om te bespreek hoe dinge verloop, riglyne in plek te stel vir die res van die seisoen en probeer om vir 'n suksesvolle 2009 sitrusseisoen te beplan. **WEES ASSEBLIEF DAAR EN WEES DAAR ASSEBLIEF OM DEEL TE NEEM SODAT ONS HIERDIE 'N JAAR KAN MAAK OM VIR DIE REGTE REDES TE ONTHOU.** Die eerste CMF vir 2009 is goed bygewoon en daar was goeie debatte en bydraes deur die teenwoordig – kom ons bou hierop voort. 'n Agenda, tesame met aanwysings na die plek, sal binnekort uitgestuur word.

**MAPUTO**

Dit is die situasie – ons het 'n fasiliteit sowat 'n 100km of wat van pakhuise wat onder benut is, terwyl vrugte van hierdie pakhuise na 'n fasiliteit 600 km plus gestuur word, wat oorvol is. CGA het 'n ACTION MEETING (nie werkswinkel) georganiseer vir die wat belangstel in konvensionele vrag via Maputo. Die doel – kry ten minste 100 000 palette deur die Maputo fasiliteit om die opeenhoping in Durban te verlig. Baie dankie aan almal wat dit bygewoon het. Alhoewel daar aan die begin die gewone gesprekke was oor HOEKOM DIT NIE gedoen kan word nie, het ons tog positiewe momentum gekry (dankie Maarten) en met 'n gesamentlike wil om dit te maak werk geëindig. 'n Paar belangrike punte is geopper – die FPT fasiliteit in Maputo bied 'n eerste klas diens aan (goed gedoen Paulo – en verder geluk ook met jou aanstelling as FPT Streeksbestuurder vir KwaZulu Natal en Mosambiek); die Maputo hawe se bestuur is gewillig om dit te laat werk; as vrugte daar is sal die skepe gekontak word, en as dit kommersieel voordelig is sal agente hul kliënte se vrugte in Maputo kry. Die CGA se Logistieke Koördineerder (Mitchell Brooke) sal nou met al die partye werk om dit te laat gebeur. As jy meer wil weet, kontak asseblief vir Mitchell op 031 7652514. Volgende sal ons daarna kyk om houervrag deur Maputo te bevorder.

**NA-OES INNOVERINGSFONDS (PHI): COMMONWEALTH LOGISTIEK EN KOUE KETTING WERKSWINKEL**

Een ding waarvan ons nie beskuldig kan word nie, is 'n tekort aan passievolle mense in die vrugtebedryf in hulle onderskeie velde – op Woensdag was ek bevoorreg om by 'n werkswinkel te wees waar tien aanbiedinge van 5 minute elk gemaak is oor sake wat tydens 'n onlangse studie uitgelig is waar logistiek en die koue ketting in Suid-Afrika teenoor die van Chile en Nieu Seeland geteiken is. In die spasie beskikbaar wil ek graag net die onderwerpe en die aanbieders uitlig – julle is welkom om my of die GM van die PHI (Malcolm Dodd – 082 5661150) te kontak as jul meer inligting benodig; Single Window IT System – Andries Mouton; Innovative Packaging Martin Taylor; Increased Rail Usage Suria Singh; Electronic Documentation Nkosana Mbokane; Remote Logistic Zones Delena Engelbrecht; Establish Innovation Resource Stuart Symington; Private Expertise in Ports Mike Mundy; Container Terminal Expansion Saleem Peterson; Ocean Freight Charges Andy Connell; Government Led Reforms Hugh Campbell. Daar is regtig 'n paar interessante dinge wat in ons bedryf gebeur – hierdie inisiatiewe sal sorg dat ons bedryf wêreldklas bly.

**GEPAK EN VERSKEEP 2009**

'n Paar waarskuwings van die vergaderings van die verskeie fokusgroepe: Pomelo-produsente na Japan word aangemoedig om volgens die verskepingsplan te pak – op die oomblik is daar baie voorraad in Durban wat kapasiteitsprobleme by FPT veroorsaak; alternatiewe stoorplekke moet as opsie oorweeg word; Valencia produsente het hul skatting afwaarts aangepas en produsente daaraan herinneer om 'n prys op elke uitvoerkarton te kry wat op 'n volhoubare vlak is. Dit is interessant dat Spaanse suurlemoenprodusente kla oor pryse wat nie voldoende is nie – maak seker dat die prys wat jy kry voldoende is – voldoende om te verseker dat jy nog in die afsienbare toekoms in die besigheid sal wees.

| Tot Week 20 – Miljoen 15Kg kartonne | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2008 | 2009 | 2008 | 2009 | 2009 | 2009 | 2008 |
| Pomelo | 6.3 m | 6.7 m | 3.3 m | 4 m | 15.1 m | 14.8 m | 12.4 m |
| Sagte Sitrus | 4 m | 3.1 m | 2.4 m | 2 m | 7.4 m | 7.1 m | 6.5 m |
| Suurlemoene | 5 m | 2.9 m | 3 m | 1.8 m | 9.4 m | 9.2 m | 8.8 m |
| Nawels | 3.9 m | 3.7 m | 1.3 m | 1 m | 21.6 m | 21.3 m | 21.2 m |
| Valencia | - | - | - | - | 43 m | 42.1 m | 40.4 m |
| | 19.2 m | 16.4 m | 10 m | 8.8 m | 96.5 m | 94.5 m | 89.3 m |

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**